

20 Maart

Skrifgedeelte: Jeremia 27 en 28

Fokusgedeelte: Jeremia 27:1-7

Almal dien die Here, ook die heidene

Die Here stuur Jeremia uit om die ballingskap finaal aan te kondig. Israel en Juda word onder die juk van Nebukadneser geplaas. Dit is 'n juk wat nou gewilliglik deur die volk van die Here gedra sal moet word, want diegene wat daarteen in opstand kom sal deur die Here gestraf word. Hulle sal nou vir 70 jaar Nebukadneser se slawe wees (Jer 25:11). Nebukadneser, die koning van Babel, is nou die kneg van die Here. Is dit moontlik? Ja, ook die heidense volkere en hul konings staan in diens van die Here in die uitvoering van God se ewige raadsplan. As dienskneg moet ook die koning van Babel en sy volk die gerig van God oor Israel en Juda voltrek. God stel immers die owerheid aan wie ons gehoorsaam moet wees (NGB art.36). Babel se juk sal egter net vir 'n tydperk op die skouers van Israel en Juda rus. Ook hierdie juk van verdrukking sal eindelijk vir die volk van die Here ten goede meewerk. Deur beproewing kom besinning. Só bring die Here sy volk weer tot gehoorsaamheid en lei Hy hulle eindelijk weer terug na die land van belofte. Nou kan ons verstaan dat 'n Christenvolk ook soms onder 'n heidense juk van die regering moet staan en aan daardie owerheid gehoorsaam moet wees.

Sing: Psalm 33:6

Ds DL de Beer (Emeritus)